HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

24 Januarie 2023

Geagte ouer / voog

***CAMBRIDGE IGCSE*- EN *AS LEVEL*-PROGRAM**

Daar was alreeds enkele navrae van ouers rondom die Cambridge-program vir leerders wat vir die 2023 / 2024-jaar wil inskryf. Hierdie skrywe word dus gerig aan alle Graad 8-, 9- en 10- ouers/voogde.

Hoërskool Jan van Riebeeck bied Cambridge - Wiskunde / Biologie / Fisiese Wetenskappe / Engels as ’n buitemuurse aktiwiteit aan leerders wat vir hierdie program kwalifiseer.

Kwalifiseringsverseistes is:

- Graad 9-leerders (Wiskunde *IGCSE*-program): Wiskunde *75%+* EN Eng HT 75%+ *of* Eng EAT *75%+*
- Graad 10-leerders (*AS level*-program): Wiskunde 75%+ EN 75%+ Eng HT *of* 75%+ Eng EAT (Indien ’n leerder belangstel in Fisiese Wetenskappe, Biologie of Engels, geld dieselfde vereistes vir daardie vak.)

Daar word na die rapportpunt aan die einde van kwartaal 1 gekyk.

Die skool bied ’n gestruktueerde program aan wat in kwartaal 2 begin. Leerders wat dus in April 2023 met *A level*-studies begin (graad 10-leerders), sal in Mei 2024 ’n eksamen aflê om ’n *AS*-kwalifikasie te verwerf. Indien hulle dan hulle studies in hierdie vak voortsit, sal hulle die *A2*-eksamen in Mei 2025 aflê, 6 maande voor ons eie NSS-eksamen.

Leerders wat in April 2023 met *IGCSE level*-studies begin (graad 9-leerders), sal in Mei 2024 ’n eksamen aflê om ’n *IGCSE*-kwalifikasie te verwerf. Indien hulle dan hulle studies in hierdie vak voortsit, sal hulle die *AS*-eksamen in Mei 2025 aflê, en moontlik hulle *A2*-eksamen in Mei 2026, 6 maande voor ons eie NSS-eksamen.

Leerders wat buite hierdie program privaatlesse neem, sal as privaatleerders kwalifiseer en sal dus nie ingeskryf word by HS Jan van Riebeeck vir die eksamens nie.
Leerders ontvang 2 uur per week onderrig, maar moet baie meer tyd aan selfstudie bestee. Gewoonlik ontvang leerders wat dit voltyds doen, 6 ure onderrig per week. U kind moet dus bereid wees om selfstandig te werk.

Kostes vir die program beloop tussen R12 000 en R13 000 per kind per jaar, afhangende van hoeveel leerders die vak neem, en dit is betaalbaar oor 4 kwartale. **Hierdie bedrag sluit handboeke en eksamenkoste uit.** Fooie is vooruitbetaalbaar vir elke kwartaal. Indien leerders om die een of ander rede hul klasse staak, sal

u steeds vir die volle jaar se klasgelde verantwoordelik wees. Handboeke sal ongeveer R1000 kos, en die eksamen tussen R2000 en R2 500 (afhangende van die wisselkoers).

Ouers wat van die skool se aanbod gebruik wil maak, word uitgenooi om die inligtingsaand op 15 Maart Cambridge A Levels en IGCSE inligtingsaand.

Vriendelike groete.

(Me) S. Meyer
Cambridge A levels-organiseerder